// Waterkruik

Die Gereformeerde Kerk WATERKLOOFRAND

JAARGANG 61 NO 34 25 Augustus 2024

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENS VANDAG

Vanoggend vier ons die Heilige Nagmaal. Die nabetragting sal tydens die aanderediens gehou word.

## DIENSBEURTE

**Oggend: Wyke 11 & 12**
*Oudle.:* Br. Tommie Venter
Br. Wico Swanepoel
*Diakens:* Br. Herman van Heerden
Br. Hanno Steenkamp
Br. Christiaan Oosthuizen
Br. Hendrik Coetzee

**Aand: Wyke 13 & 14**
*Oudle.:* Br. Gerhard Vermaak jnr
Br. Alwyn van der Walt
*Diakens:* Br. Riaan Reinecke
Br. Eric Danielz

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonale kas
***By die deure*** :
**Kerklike Tydskrifte**
Doel: Om aktuele artikels met 'n Gereformeerde grondslag te publiseer en na lidmate en ander belangstellendes teen 'n billike prys te versprei.



## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyk 11, o.l.v. *Sr. Eljé,* nooi almal uit om na afloop van die erediens 'n koppie tee of koffie te kom geniet.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**MAANDAG:**
Katkisasie vir die hoërskoolleerders by die pastorie

| | |
|---|---|
| 18:00-18:45 | Graad 7, 8 |
| 18:45-19:30 | Graad 9, 10 |
| 19:30-20:15 | Graad 11 |
| 20:15-21:00 | Studente Bybelstudie |

**Donderdag:**
**09:30** Bybelstudie in die konsistorie

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Die Here God is ons krag en ons beskerming, die Here gee genade en eer. Hy weerhou die goeie nie van dié wat reg lewe nie." Psalm 84:12*

*Vandag*

Sr. Nolene Nel (Nederland) +31615597185

*Maandag 26 Augustus*

Br. Gert Wibbelink 082 787 6537
Jarick Krűger (15) 082 561 6393

*Dinsdag 27 Augustus*

Sr. Cecilia Coetzee 072 926 0758

*Donderdag 29 Augustus*

Dineke Hamersma (6) 072 171 6595
Sr. Rolene Krűger 082 585 4947
Sr. Nica Pretorius 082 420 6541

*Vrydag 30 Augustus*

Br. Louis Buys 082 576 9206
Br. Leon Hossel 076 731 1355
Sr. Jamy van Wyk 072 999 1155

## MEELEWING

Sr. Santefielie Kuyper 082 925 8802 het die afgelope week geval en haar knieskyf gebreek. Ons bid dat jou knie volkome mag herstel.

Hartlik geluk aan br. Jacques 083 458 9642 en sr. Alize 082 568 0706 Tredoux wat Woensdagoggend 'n verbondseuntjie, Jacques, van die Here ontvang het. Ons is saam met julle dankbaar vir die groot geskenk uit sy hand. Mag die Here hom ryklik seën en mag hy julle baie vreugde bring. Ook geluk aan br. Theuns 083 458 9642 en sr. Susan 082 568 0706 Tredoux met julle eerste kleinkind.

Ons is saam met *br. Piet Robbertse* en sy gesin dankbaar dat dit heelwat beter gaan met hom. Hy sterk aan in 'n "step down" waar hy terapie ontvang. Hy sukkel ongelukkig nog steeds om te praat. Mag God se genade en liefde elke dag genoeg wees. Sy skoondogter Ina-Marie Robbertse, hanteer sy oproeppe en boodskappe. 083 400 8796

Dit gaan heelwat beter met *sr. Marié de Beer* wat 'n tydjie gelede haar heup gekraak het. Ons bid dat u gou heeltemal mag herstel. 072 459 8177

Innige simpatie met *br. Alwyn* 084 515 4179 en *sr. Marjan* 083 415 4179 van der Walt. Marja se pa is onlangs oorlede, 4 maande nadat haar ma oorlede is. Ons bid julle die vertroosting van die Heilige Gees toe in hierdie hartseer tyd. Mag sy genade elke dag vir julle genoeg wees.

*Sr. Michelle Bonnet* 065 592 7016 se ouma is die afgelope tyd oorlede. Mag jy en Herman en julle familie die vertroosting van die Heilige Gees ontvang.

Ons is saam met ds. Gerben 062 279 4469 en sr. Anne Anne 083 289 7599 Meijer dankbaar dat Juliette en Levi se mangeloperasie goed afgeloop het.

## BELYDENISAFLEGGING

*Met groot dankbaarheid beleef ons vandag saam met Daniël d'Assonville en sy familie , sy belydenis van sy geloof.*

*Ons bid opreg dat God se genadige lig jou lewenspad voortdurend sal bestraal. Hartlik geluk ook aan sy die ouers wat vanoggend hier is uit Duitsland en ook die ander familie. Mag julle omvou word met sy liefdevolle ontferming, nou en in die toekoms.*



*"Ek het van die hemel af gekom nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan. Dit is die wil van my Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan."*

Johannes 6:38-40

## ATTESTATE

***Met attes vertrek:***

*Br. Kobus en sr. Magda Nel* vertrek met attestaat na die GK Silverton.

*Mag julle gelukkig wees in julle nuwe gemeente.*

## NAWEEKKOSTER

Ons is dankbaar om te berig dat Br Riaan Reinecke ingestem het om die posisie van Naweekkoster op te neem nadat Br Hein Wichmann onlangs versoek het om uit te tree. Riaan het reeds vir geruime tyd ingestaan as hulpkoster en dus is die situasie nie vir hom vreemd of nuut nie. Riaan se kontaknommer is 079 903 3930 indien u met hom wil kontak maak aangaande reëlings oor naweke.

Ons is op soek na lidmate wat bereid is om te help as hulpkoster. Indien u belangstel, skakel asb met Sr Nienke vd Walt hieroor.

## GEMEENTESTATESTIEK

Br. Eddie Trollip het, na baie jare wat hy die statestiek oor die bywoning van die gemeente tydens die eredienste en Nagmaal asook die bywoning van die eredienste deur die kerkraadslede, besluit om die tuig aan die einde van die jaar neer te lê. Indien jy kans sien of daarvan hou om statistieke by te hou en dit graag sal wil doen, skakel br. Gert Wibbeling 082 787 6537 vir meer besonderhede.

*Ons opregte dank en waardering vir br. Eddie wat dit vir soveel jare gedoen het.*

## BEROEPNUUS

*Beroepe ontvang:*
Ds P (Philip) Hattingh van GK Christiana/ Bloemhof na GK Naboomspruit

Ds PW (Wouter) Smit van GK Vereeniging na GK Amanzimtoti

*Beroepe bedank :*
Ds MD (Dirk) Meijer van GK Bloemburg na GK Pietermaritzburg



**ALLE JONG LOTE**

Hierdie pretdag kom nou baie vinnig nader. Dit vind plaas op die **Aros-Kampus op 7 September**. Ons beplan om 'n verskeidenheid speletjies, (bord en nog), met die kinders te speel⚽ en te braai🔥. Ons gaan dat die Jong Lote ook vir die "jeug van gister" geskenkies maak op hierdie dag.
Indien jy enige voorstelle het of wil betrokke raak by die speletjies en reëlings kontak asb vir:

Herman 082 604 3352
Renske 079 969 4949
Wian 078 5745029

## WILDSFEES 2024 !!!



Na maande se uitsien en beplanning en gereedmaak, breek die Wildsfees toe uiteindelik aan! En wat 'n fees was dit nie!!!!Die 9 potmeesters en hulle spanmaats het reeds om 11:00 opgedaag om hulle kookskerms op te stel en reg te kry om vleis te kook vir 130 volwassenes en 30 kinders. Daar was ook 'n vlakvarkie op 'n spit gebraai. Aan vindingrykheid het dit nie ontbreek nie. Die "skerms" was verbeeldingryk versier en die spanne se name was baie oorspronklik soos "Willer as die Wildtuin" van Arina en Tiaan Esterhuizen, "Koedoe roer my nie" Hennie en Xandra du Plessis se potjie, "Kommandant Wes Transvaal", rooibokpot van Alwyn van der Walt en sy span en nog meer. Met Ronelle Berry, aan die stuur van die dekorspan, het alles mooi en feestelik gelyk. Die lidmate het al van voor 3 uur begin aankom om nog

ander kosse aan te dra en ander net om saam te kuier en te peusel aan die heerlike peuseltafel wat van die susters, olv Jany Landsberg, voorberei het.

Christiaan en Eljé Oosthuizen het gesorg vir heerlike agtergrondmusiek wat bestaan het uit ou Afrikaanse FAK liedjies. As dit nou nie was dat daar nie “plek” was nie, kon mens dalk saam skoffel op die maat van die musiek. Dalk te wild vir die Doppers?

Vir die kinders was daar 'n springkasteel en vir ons heel kleintjies onder drie was daar 'n groot “bad” vol sagte balle om in te speel. Hulle het dit baie geniet. Die kinders kon ook, onder volwasse toesig, lekker “marshmellows” braai op die vure.

So bietjie later as wat beplan, het Loutjie die verrigtinge amptelik geopen. Daarna het die beoordelaars die potte een vir een geproe en punte toegeken. Die spanne was in stywe kompetisie met mekaar en die wenner was Alwyn van der Walt en sy span met sy rooibok en groentepot.

Om 16:30 het ons saam 'n gebed gedoen en toe het almal behoorlik gesmul aan potvleis, tuigebakte brood en botter, stampmielies en slaaie. Om nie van die lekker kuier te praat nie. Jany Landsberg en haar span was verantwoordelik vir die heerlike en keurige spyskaart.

Daarna is die veiling gehou. Dit was baie pret en ons het R35 400 met die veiling ingesamel. Dit is genoeg om vir die volgende jaar se nagmaaletes te voorsien en sommer nog meer. Na die veiling en 'n heerlike nagereg van lemoenpoeding met dik room het almal spontaan begin help om op te ruim en weg te pak en teen 19:00 was alles opgeruim.

Baie dankie aan die IKK vir die reëlings en aan elkeen wat daar was, groot en klein, of jy nou gehelp kuier het of met die kos of dekor gehelp het, baie dankie. Mag daar nog vele sulke lekker kuiers wees. Dit was voorwaar 'n FEES!!!!

*AAN GOD ALLEEN DIE EER.*



**_Oorsig oor die Nederlandse Geloofsbelydenis –_**

**_aangebied deur ds. Gerben Meijer_**

*Is daar al van die dinge wat jy van jou katkisasiedae vergeet het? Wonder jy oor hoekom sekere dinge in die kerk gebeur soos wat dit gebeur?*

*Oor die volgende weke is hier 'n geleentheid om jou kennis weer op te skerp. In ses aande sal ons deur die Nederlandse Geloofsbelydenis werk. Hierdie belydenisskif vat die geloof soos wat ons dit as Gereformeerde kerke bely, kragtig vanuit die Woord saam. Hierin kry jy 'n deeglike oorsig oor dit wat ons deur die eeue heen as die kerk van die Here bely. Daar sal ruim geleentheid wees vir vrae en bespreking. Kom woon dit gerus by of skakel aanlyn in. Laat weet asseblief vir ds. Gerben indien jy wil deelneem, sodat al die nodige praktiese reëlings getref kan word.*

*3 September 19:30: Sessie 1 - Oor wie God is en hoe ons Hom ken (Artikels 1-7)*

*10 September 19:30: Sessie 2 - Oor God drie-enig (Artikels 8-13)*

*17 September 19:30: Sessie 3 - Oor die uitverkiesing en erfsonde (Artikels 14-16)*

*4 November 19:30: Sessie 4 - Oor ons redding deur Christus (Artikels 17-26)*

*11 November 19:30: Sessie 5 - Oor die kerk (Artikels 27-32)*

*25 November 19:30: Sessie 6 - Oor die sakramente en die ewigheid(Artikels 33-37)*

**_15 September 2024 - Gespreksgeleentheid 'Christ in Me'_**

*Dr. Daniël Maritz kom ons meer vertel oor die "Christ in Me"  sekte wat hier in ons omgewing posgevat het. Wat is hierdie beweging? Wat moet ek oor hulle weet? Hoe kan ek my kinders toerus as hulle hiermee gekonfronteer word? Almal is hartlik welkom om hierdie geleentheid by te woon. Dit sal na die oggenderediens plaasvind.*

# EK SAL DIE HERE ALTYD PRYS

*Skrifgedeelte: Psalm 34:1-11*

Psalm 34 is ’n persoonlike lied. Dit vertel van dinge wat die digter self ervaar het. Dit vertel hoe die Here hom in sy diepste nood gehelp het. Dit vertel hoe die Here sy gebed verhoor en hom verlos het. Dit gaan waarskynlik oor die gebeure wat in 1 Samuel 21:10-15 beskrywe word, toe Dawid hom kranksinnig gehou het voor die Filistyne. Op grond van wat hy persoonlik ervaar het, sing hy nou ’n loflied tot eer van die Here.

Jy het waarskynlik persoonlike ervarings in jou lewe waar die Here jou in die donkerste tye van jou lewe bygestaan en uitgehelp het. As jy self ervaar het hoe die Here jou in jou swaarste swaar gehelp het, kan jy nie anders nie as om te sing: “Ek sal die Here altyd prys.” Dan prys jy Hom in alle omstandighede – “in weelde en ongeluk” en “in voorspoed en in druk”.

Ons glo dat Jesus Christus ons uit ons heel diepste nood, naamlik die nood weens ons sonde, uitgered en sy Gees aan ons gegee het om ons te troos en ewig by ons te bly. As jy dít met hart en siel glo, kan jy ook nie anders nie as om te sing: “Ek sal die Here altyd prys.” As ons hierdie lied sing, is dit goed vir ander. Die “ootmoediges” (dié wat klein is voor die Here) sal dit hoor en daaroor bly wees. Dit gee moed aan dié wat swaarkry.



Kom ons sing almal hierdie lied. So leer ons mekaar Wie God is en wat Hy doen. So leer ons mekaar dat die Here ons beskerm. So leer ons mekaar om God se goedheid te ervaar. So leer ons mekaar dat die Here sorg vir dié wat selfs in die diepste nood Hom dien.

*Ds. JL van der Schyff (Jannie) (Welkom)*

# SNIPPERS




| | |
|---|---|
| DATUM: | 21-24 September 2024 |
| KOSTE: | R1 300 p.p. (sluit verblyf en etes in) |
| PLEK: | Bergventure (Sentrale Drakensberge) |
| INSKRYWINGS: | https://rb.gy/n035b7 |
| MEER INLIGTING: | Stephanu de Villiers 076 943 1333 \| stephanu@gkrandburg.org.za |



# FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Gerben Meijer
062 279 4469

**SKRIBA**
Gert Wibbelink
082 787 6537

**VOORS DIAK**
Herman van Heerden
082 604 3352

**OUDL. SKRIBA**
Gert Wibbelink
082 787 6537

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan